

Maandag

Open. 5: 1- 14; Gen. 49: 9,10; 2 Sam.7:10 – 16. Teks Open. 5: 5 “Kyk, die Leeu uit die stam van Juda, die afstammeling van Dawid, het die oorwinning behaal en kan die boek met die sewe seëls oopmaak.” Tema: “Christus wat ons verlos het, breek die toekoms in die wêreld oop.” In Openbaring word Christus geopenbaar as die Here van die kerk én heerser oor die konings van die volkere. Opg 1: 4 – 6. ’n Leeu wat ’n Lam is! ’n Lam wat ’n Leeu is! So is Christus die heerser van die konings van die aarde en terselfdertyd die koning van sy koninkryk, die kerk. In Open.5:5 word Christus só aangekondig: “Kyk, die Leeu uit die stam van Juda, die afstammeling van Dawid, het die oorwinning behaal en kan die boek met die sewe seëls oopmaak.” In vers 6, direk daarna, word Christus weer só aangekondig: “Toe het ek voor die troon wat omring was deur die vier lewende wesens, tussen die troon en die ouderlinge, ’n Lam sien staan, die Een wat geslag was.” Christus se heerskappy oor die wêreld is die vervulling van die seën van Jakob in Gen. 49: 8 -10. “Juda, ... jy sal jou vyande onderwerp en jou broers sal voor jou buig. Jy is ’n leeu, my seun Juda, wat van die prooi af wegstap. Jy rek jou uit, jy gaan lê rustig soos ’n leeu, soos ’n leemannetjie wat deur niemand opgejaag word nie. Jy sal altyd heers, jy sal aanhou heers totdat Silo kom, die heerser aan wie die volke hulle sal onderwerp.” Terselfdertyd is Christus die Paaslam wat geslag is as offer vir sy kerk se sondes. Hy is as die Leeu die heerser wat alle volke deur mag aan Hom onderwerp terwyl Hy terselfdertyd uit liefde vir sy kerk die offer vir hul sonde is om hulle lief te kan hê sonder enige oordeel. Preek beskikbaar op Google by ngkerkleuvubu.co.za Ds Petrus

Dinsdag

Open. 5: 1- 14; Gen. 49: 9,10; 2 Sam.7:10 – 16. Teks Open. 5: 5. Tema: “Christus wat ons verlos het, breek die toekoms in die wêreld oop.” Christus is die Leeu vir die konings van die aarde (5:5) én die Lam vir sy kerk (5:6). Christus is Leeu én Lam! Hy is nie ’n lammetjieleeu nie. Lammetjieleeus is nie regte leeus nie. Dit is leeus wat met ’n bottel groot gemaak word, in hokke aangehou en gevoer word vir die vermaak of jaglus van mense. Niemand het enige ontsag vir hierdie leeus wat nie regte leeus is nie. Net so is daar nie iets soos ’n leeulam nie. ’n Lam wat probeer brul om mense bang te maak, is ’n simpel lam. Christus is nie ’n lammetjieleeu of ’n leeulam nie. Hy is Leeu én Lam! Hoe Christus só is, sien ons in die leeus in die wildtuin. Daardie leemannetjie, net soos dit in Genesis gesê word, lê rustig. Niemand pla of jaag hom op nie. Al die velddiere is regtig vir hom bang. Want wanneer hy lus is, staan hy op, vang, verskeur ’n bok en lê hom dan rustig en opvreet. Niks en niemand kan hom hierin keer nie. Wanneer hy brul, vervul hy elkeen met vrees vir sy verskeurende mag. Die Leeu uit die stam van Juda! Daardie selfde leeu is egter vir sy eie welpies ’n lam. Terwyl hy só lê en brul dat almal verskrik rondhardloop, speel en spring die welpies rustig al om hom. Hulle is kinders van die koning! Daarom is hy vir hulle so sag soos ’n lam met al sy liefde. In sy liefde versorg hy hulle en gee hulle ’n veilige toekoms in sy liefde. Sy teenwoordigheid is hulle sekuriteit en hulle toekoms. Omdat Christus (volgens Open. 5:10) ons sy welpies, sy koningkinders, gemaak het, leef

ons in sy liefde terwyl hy die konings van die wêreld verniel met sy mag. Vir hulle is Hy die Leeu en vir ons is Hy die Lam. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za ds. Petrus

Woensdag

Open. 5: 1- 14; Gen. 49: 9,10; 2 Sam.7:10 – 16. Christus het die mag om die geskiedenis van die wêreld te laat gebeur. So word Christus in vers 5 aangekondig: “Kyk, die Leeu uit die stam van Juda, die afstammeling van Dawid, het die oorwinning behaal en kan die boek met die sewe seëls oopmaak.” Die boek wat hier van gepraat word, is nie soos boeke met blaaie nie. Hierdie was ’n rol papier, baie soos ons papierhanddoeke, maar van skryfpapier. Hierdie boek word gelees deur dit van eenkant na die ander kant toe oop te rol. Die seëls is die tipe wasstempels waarmee ons vandag nog amptelike dokumente soos testamente verseël. Hierdie verseëling het beteken dat net die Een wat die gesag het, amper soos ’n prokureur met ’n testament, die seël kan breek om die boekrol te kan lees. Hierdie boekrol is ’n simbool van die ontsluiting en oopbreek van die toekoms in die wêreld. Dit gaan hier nie oor die voorspelling van die toekoms nie. Dit gaan oor die inwerkingstelling, die bewerking en ontvouing van die geskiedenis. Christus het die mag en Hy laat alles in die wêreld gebeur. Wanneer Hy alles laat gebeur, is Hy vir die wêreld die Leeu met sewe horings. Dit is die simbool van volkome mag oor alles. Wanneer Hy alles laat gebeur is Hy vir sy kerk die Lam wat in sy liefde teenwoordig is. Dit is die simbool van sewe oë wat in volkome liefde kyk en sorg. Elke keer as een van die seëls gebreek word, word nuwe gebeurtenisse bewerk. Christus breek die toekoms oop en laat alles wat toekoms is, vandag gebeur. In alles wat Christus in hierdie wêreld laat gebeur, is Hy vir die konings van die wêreld ’n Leeu en vir sy kerk die Lam. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds Petrus

Donderdag

Open. 5: 1- 14; Gen. 49: 9,10; 2 Sam.7:10 – 16. Christus laat met sy mag die wêreld geskiedenis gebeur. Die openbaring van wat in die troonsaal van God hier in hoofstuk 5 gebeur, staan in kontras met die troonsaal van die keiser van Rome. Gelowiges eer en aanbid Jesus Christus as die Here wat met sy raadsbesluite die geskiedenis laat gebeur. Wat met ons gebeur is nie die raadsbesluit van goddelike keisers en konings nie. Christus breek die seëls van die boekrol, nie wêreldse heersers nie. In die troonsaal van God aanbid gelowiges Jesus Christus as die Here wat hulle beveilig en ’n toekoms gegee het teen die magsoordele van goddelike keisers wat hulle wou verniel en verskeur. Christus breek die toekoms van die goddeloses oop deur hulle te verniel en te verskeur deur oorlog, peste, droogte, hongersnood en natuurrampe. Dit is hoe die Leeu uit die stam van Juda brul. In hierdie oordele wat die Here oor die wêreld voltrek, weet die kerk hierdie oordele is hoe die Here Jesus vir hulle die toekoms in sy liefde en sorg oopbreek. Dit weet hulle omdat Hy wat met hierdie verdrukking die goddeloses verniel, die Lam is wat vir ons sondes verniel is sodat Hy ons altyd in en vir sy liefde behoue laat bly. Die Leeu van Juda wat hierdie oordele oor die wêreld bring, is vir ons die Lam wat sy

lewe vir ons geoffer het. Hy sal nog steeds vir ons die Lam wees in al hierdie dinge wat Hy met die wêreld laat gebeur. Welpies wat veilig speel terwyl die Leeu brul! Sy mag en krag in die wêreld is ons toekoms. Ons is nie in die mag van die keiser en hulle wat hom met goddelike eer verheerlik nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerkleuvub.co.za ds. Petrus.

Vrydag

Open. 5: 1- 14; Gen. 49: 9,10; 2 Sam.7:10 – 16. Valse geestelikes maak Christus die Lam vir die konings van die wêreld en die Leeu vir sy kerk. Hulle preek altyd van die lammetjieleeu en leeulammetjie! Hulle maak van Christus 'n makgemaakte leeu wat rondloop en vrede en versoening soek met die heersers en nasies van hierdie wêreld. Die manier waarop hulle van die Here Jesus 'n lammetjieleeu vir die wêreld maak, is om te preek dat Jesus nie meer Here is soos Hy in die Ou Testament openbaar is nie. Jesus het volgens hulle die God wat in die Ou Testament oordeelsaankondigings gee en uitvoer oor die heersers en nasies van die wêreld kom verander. Ja, die Here wat die nasies en konings van die wêreld verniel en verskeur, deur oorloë, peste, droogte, hongersnood en siektes (so leer hulle) het Jesus kom verander. Hulle leer: Jesus sou met sy kruisiging vir God die weerlose lammetjieleeu vir keisers en konings kom maak het. Hierdie makgemaakte "God" loop nou stertswaaiend in die troonsale van keisers en konings rond om deur hulle gevryf en vertroetel te word. Dít is hoe hierdie geestelikes hierdie makgemaakte "God" in die wêreld se troonsale verteenwoordig. Vir hulle sal Christus dan die Lammetjieleeu uit die stam van Juda wees uit die troonsaal van God in die hemel! Dieselfde geestelikes preek Jesus as die Leeulam wat vir sy kerk brul en bangmaak. Hulle "Jesus" is die Christus wat die kerk aanval, dreig, verniel en verskeur met oorloë, droogtes, siektes, peste en hongersnood. Hulle vertel aan gelowiges Jesus doen hierdie dinge teen sy kerk omdat hulle nog die Here lief genoeg het of nog nie regtig tot bekering gekom het nie. Maar... ons as gelowiges ken en aanbid Christus as die Leeu vir die heersers en nasies van die wêreld en as ons Lam wat nooit vir ons brul nie. Hy brul vir die wêreld om vir ons 'n toekoms in sy liefde oop te breek. Preek op Google by ngkerkleuvubu.co.za Ds Petrus